LNR STAMBOEK IDENTIFIKASIE

NUWE KEURINGSTELSEL

1. Keurings kan slegs plaasvind as die diere se besonderhede op die stelsel is.
2. Die terme stoet en kudde verdwyn.
3. 'n Dier word slegs gepunt en sodoende goed of afgekeur.
4. Diere met 'n punt van 5 en hoër word gekeur en mag by Stamboek geregistreer word.
5. Diere met 'n punt van 4 en 3 mag nie by Stamboek geregistreer word nie.
6. Diere met 'n punt van 2 word geprul.
7. Telers wie se inligting reg op die stelsel is kan onmiddellik oorgaan op die nuwe keuring stelsel.
8. Vanaf 1 Januarie 2012 sal slegs op die nuwe manier gekeur word.

Diere wat nog nie op die stelsel is nie kan met ander woorde tot einde 2011 op die ou manier gekeur word. (Hierdie datum moet nog deur die Raad goedgekeur word)

PLAAS KEURINGS.

1. Vra keuringslys aan by kantoor. (bv. Alle ooilammers gebore Maart en April 2009).
2. Reël dan met keurder.
3. Keurder gee 'n punt vir voortreflikheid.
4. Indien geprul - gee prul kode.
5. Eienaar dui aan of hy betrokke dier wil laat registreer.
6. Slegs diere met 'n punt van 5 en hoër kan by Stamboek geregistreer word.
7. Slegs diere met 'n punt van 7 en hoër mag met 'n Telersvereniging plaat geplaat word. (Dit is nie verpligtend nie).
8. Keurder stuur getekende vorm terug na kantoor.
9. Teler kan vir hom 'n afskrif maak.

VOORTREFLIKHEIDS PUNTE.

9	Uitstekend/Outstanding	Skougehalte/Show quality
8	Baie goed/Very good	Voorheen goeie stoet/Previous high quality stud
7	Goed/Good	Voorheen net stoet/Previous stud
6	Bo gemiddeld/Above Average	Goeie bouvorm maar kudde agv kleur of spene/Good body build, but commercial because of colour or teats
5	Gemiddeld/Average	Voorheen kudde as gevolg van bouvorm/Previous commercial because of body build
4	Onder Gemiddeld/Under Average	2de Seleksie/2nd Selection
3	Swak/Poor	Af tipe sonder prulfoute/Abnormal type without any cull defects
2	Prul/Cull	Prul

HOW DO I LINK MY GOATS WITH THE ARC?

Group C

Send the following information to ARC:

1. Goat's correct ID (e.g. 617 10 0123)
2. Gender.
3. Weight (adult goats too).
4. Weighing date.

Note: At least 10 goats in the same age group must be weighed on the same day.

Group B

Send the following information to the ARC to be linked as Group B animals.

1. Correct ID.
2. 100-days weight (weighed between 70 and 150 days)
3. Weighing date.
4. Gender.
5. Date of birth.
6. Status of birth (single or twin)

7. At least dam's ID.

Note: Group must be born within a 60-day period.

Group A

To link with Group A you need only specify on the inspection form issued by the Office whether you want the animals registered with Studbook.

HOW DO I LINK MY GOATS DIRECTLY WITH STUDBOOK?

1. Register with Studbook via SABBS to obtain a prefix (e.g. name of farm "Bokfontein")
2. You already have a flock ID number (stud number)
3. Goats must be numbered correctly, consisting of 3 parts:
    a) Flock ID no. (stud no.) 617
    b) Year digit, e.g. 2010 is 10
    c) A sequence number for goats starting at 0001 every year.
    Full number therefore is 617 10 0001

Send the following information to Studbook to register goats as Supplementary Studbook A.

1. Correct ID
2. Gender
3. Dam's number
4. Proof that animal was selected by an SABBS inspector and obtained an excellence point of at least 5.

Note: Goats that are on the Intergis via ARC may also register with Studbook after selection.

HOE KRY EK MY BOKKE INGESKAKEL BY L.N.R.?

Groep C :

Stuur na L.N.R. die volgende inligting :

1. Bok se korrekte ID (bv 617 10 0123)
2. Geslag.
3. Gewig (ook groot bokke)
4. Weeg datum.

Notas : Daar moet ten minste 10 bokke in dieselfde ouderdomsgroep op dieselfde dag geweeg word.

Groep B :

Stuur na L.N.R. die volgende inligting om in te skakel as Groep B diere.

1. Korrekte ID.
2. 100 Dae gewig (geweeg tussen 70 en 150 dae)
3. Weeg datum
4. Geslag
5. Geboorte datum
6. Geboorte status (een of tweeling)
7. Ten minste moeder se ID.

Notas : Groep moet binne 60 dae van mekaar gebore wees.

Groep A

Om by Groep A in te skakel, moet u slegs op die inspeksievorm wat duer die Kantoor uitgereik word spesifiseer of u die diere geregistreer wil hê by Stamboek.

HOE SKAKEL EK MY BOKKE DIREK BY STAMBOEK IN

1. Registreer deur SABTV by Stamboek om 'n voorvoegsel te bekom (bv. 'n plaasnaam "Bokfontein")
2. U is reeds in besit van 'n kudde kenmerk nommer (stoetnommer)
3. Bokke moet korrek genommer wees wat bestaan uit 3 dele.
    a) Kudde kenmerk no. (stoet No.) 617
    b) Jaarsyfer. Vir 2010 is dit 10
    c) 'n Volgnommer op bokke begin elke jaar by 0001.
    Volledige No. is dus 617 10 0001

Stuur dan aan Stamboek die volgende inligting om bokke te registreer as Hulpstamboek A.

1. Korrekte ID
2. Geslag
3. Ma se No.
4. Bewys dat dier gekeur is deur 'n SABTV inspekteur en minstens 'n 5 voortreflikheidspunt behaal het.

Nota : Bokke wat deur LNR op die Intergis stelsel is kan ook by Stamboek registreer na keuring.

GROEI- EN REPRODUKSIE PRESTASIETOETSING

Prosedures

'n Teler e-pos sy/haar diere se prestasierekords (gewigte) mbv Shepherd na smallstock@arc.aric.za. Rekords kan ook per sigblad VOLGENS DIE VOORGESKREWE UITLEG na Kleinveesentrum, Privaatsak X529, Middelburg Karoo, 5900 gepos of na 049 842 1343 gefaks word.

BELANGRIK:

(i) Diere wat in 'n groep gestuur word mag nie meer as 60 dae in ouderdom verskil vir voorspeen- asook vir speengewigte nie. Vir naspeen gewigte is dit 90 dae

(ii) Minimum ouderdomme is as volg:

- → voorspeen >20 dae en <80 dae
- → speen >70 en <150 dae
- → naspeen >150 en <350 dae
- → volwasse gewig >380 dae

(iii) Voorspeen en speengewigte van ramme en ooie moet saam ingestuur word

Dataverwerking

Sodra die Kleinveesentrum data ontvang, word dit met behulp van 'n rekenaarprogram (Small Stock Checker) gekontoleer en geredigeer. Die verwerkte data word na Intergis gestuur waar seleksie-indekse, BLUP-waardes en prestasieverslae genereer word.

Gereelde foute is ramme wat as ooie aangeteken word en andersom.

Verwerkte inligting

Die prestasie-verslae van die diere word op LOGIX (sien paragraaf 5) afgelaai en ook na die Kleinveesentrum terug gestuur. Verslae word aan 'n teler gestuur nadat die rekening vereffen is.

Omkeertyd van data

Die omkeertyd van data is minder as 48 uur (indien data vanaf die teler korrek in die regte formaat ontvang word). Data word by die Kleinveesentrum mbv 'n rekenaar program (Small Stock Checker) voorberei en geredigeer. Die verwerkte data word na Intergis gestuur. Die inligting (seleksie-indekse, BLUP teelwaardes, prestasieverslae) word dan gegenereer en teruggestuur na die Kleinveeskema. Die Skema stuur dit dan terug aan die teler. Verslae is ook by LOGIX via die internet bekombaar.

Verwerkte inligting

Die verwerkte data word van die Kleinveesentrum na Intergis gestuur om die prestasie-indekse en BLUP-teelwaardes te bereken. Die verslae word op Logix (sien paragraaf 5) gelaai waar 'n klient dit via die internet kan besigtig en aflaai. Die resultate en verslae word ook aan die klient gepos of elektronies terug gestuur

IDENTIFIKASIE

Die Vereniging se amptelike stelsel van permanente identifikasie van alle aangetekende bokke is tatoeëring en dubbele oorplaatjies en/of oorkodemerke.

Die identifikasie sal bestaan uit -

(a) ‘n kuddekenmerknommer wat nie meer as VIER spasies mag beslaan nie;
(b) ‘n jaarsyfer wat sal bestaan uit die laaste TWEE syfers van die jaar waarin die bok gebore is; en
(c) ‘n volgnommer van elke bok wat nie meer as VIER syfers sal beloop nie.

Die kuddekenmerknommer kom in die regteroor, terwyl die jaarnommer en volgnommer in die linkeroor getatoeëer word en met ‘n spasie geskei word (m.a.w. ‘n spasie tussen die jaarnommer en volgnommer (byvoorbeeld: 05 212).

Die nommer op die oorplaatjie en/of tatoeëring mag verskil in sover dit die uitskakeling van nulle aangaan. Byvoorbeeld nommer 05 0001 is dieselfde as 5 1 op die oorplaatjie en/of tatoeëring. Die jaar van geboorte moet altyd die volgnommer voorafgaan.

Wanneer identifikasiemerke eenmaal aan ‘n bok aangebring is, selfs as dit foutief, vaag, defektief of onleesbaar is, mag dit onder geen omstandighede reggemaak, verbeter, verander of gewysig word nie, tensy vooraf skriftelik deur die Vereniging daartoe toestemming gegee is. In so ‘n geval moet die teler die Raad skriftelik versoek en redes aanvoer waarom die bok weer geïdentifiseer moet word.

Geen bok mag verkoop of oorgedra word indien die bok nie duidelik geïdentifiseer is nie.

Alle lammers wat lewend gebore is en nie binne sewe dae na geboorte vernietig is nie, moet binne sewe dae na datum van geboorte deur die teler gekodemerk of met oorplaatjies in numeriese volgorde gemerk word. Elke jaar moet by nommer EEN begin word.

Oorplaatjies moet in die regteroor aangebring word en die bokant van die plaatjie moet die volgende besonderhede aandui: Die kuddekenmerknommer van die teler, die verkorte jaartal en die volgnommer.

Oorkodestelsel

Wanneer van ‘n oorkodestelsel gebruik gemaak word moet dit volgens die volgende voorbeeld gedoen word:



GROWTH AND REPRODUCTION PERFORMANCE TESTING

Procedures

Breeders e-mail their animals' performance records (weights) via Shepherd to smallstock@arc.aric.za. Records can also be mailed by spreadsheet ACCORDING TO THE PRESCRIBED LAYOUT to Small Stock Centre, Private Bag X529, Middelburg Karoo, 5900 or faxed to 049 842 1343.

IMPORTANT

(ii) The ages of animals sent in a group may not differ more than 60 days in age for pre-wean and wean weights. For post-wean weights it is 90 days.
(ii) Minimum ages are:

- → pre-wean >20 days and <80 days
- → wean >70 and <150 days
- → post-wean >150 and <350 days
- → adult weight >380 days

(iii) Pre-wean and wean weights of rams and ewes must be submitted together.

Data processing

Once the Small Stock Centre receives data it is checked and edited with a computer program (Small Stock Checker). The processed data is sent to Intergis where selection indices, BLUP values and performance reports are generated.

Regular errors occur in recording rams as ewes and vice versa.

Processed information

The animals' performance reports are downloaded on LOGIX (see paragraph 5) and also returned to the Small Stock Centre. Reports are sent to breeders once their accounts have been settled.

Turnaround time of data

The turnaround time of data is less than 48 hours (if data is received from a breeder correctly in the proper format). Data is prepared and edited at the Small Stock Centre by means of a computer program (Small Stock Checker). The processed data is sent to Intergis. The information (selection indices, BLUP breeding values, performance reports) is then generated and returned to the Small Stock Scheme which forwards it to the breeder. Reports are also available at LOGIX via the Internet.

Processed information

The processed data is sent to Intergis from the Small Stock Centre to calculate the performance indices and BLUP breeding values. The reports are also loaded on Logix (see paragraph 5) where clients can view and download them via the Internet. The results and reports are also sent to clients by post or electronically.

IDENTIFICATION

The Society's official system of permanent identification of all recorded goats is tattooing and double ear tags and/or ear code marks.

The identification consists of

(a) a flock mark number of no more than FOUR spaces;
(b) a year number that consists of the last TWO digits of the year in which the goat was born; and
(c) a sequence number of every goat that does not exceed FOUR digits.

The flock mark number is put in the right ear, while the year number and sequence number are tattooed in the left ear and separated by a space (in other words, a space between the year number and sequence number (for example: 05 212).

The number on the ear tag and/or tattoo may differ as regards the elimination of zeros. For example, number 05 0001 is the same as 5 1 on the ear tag and/or tattoo. The year of birth must always precede the sequence number.

When identification marks have once been placed on a goat, even if incorrectly, vague, defective or illegible, it may under no circumstances be corrected, changed or altered, unless the Society has given permission to do so in writing beforehand. In such a case the breeder must request the Council in writing and give reasons why the goat must be identified again.

Goats may be sold or transferred only if they are clearly identified.

All lambs born alive and not eliminated within seven days after birth, must be code marked or marked in numerical order with ear tags by the breeder within seven days after date of birth. Every year must start with number ONE.

Ear tags must be attached in the right ear and the upper side of the tag must indicate the following details: the flock mark number of the breeder, the abbreviated year digit and the sequence number.

Ear code system

When an ear code system is used it must be done according to the following example: